Vol. 486 Cape Town, Kaapstad, 23 December Desember 2005 No. 28363

THE PRESIDENCY

No. 1261 23 December 2005

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

No. 23 of 2005: Cross-boundary Municipalities Laws Repeal and Related Matters Act, 2005.

DIE PRESIDENSIE

No. 1261 23 Desember 2005

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 23 van 2005: Wet op die Herroeping van Wette Betreffende Oorgrensmunisipaliteite en Aanverwante Aangeleenthede, 2005.

(English text signed by the President.)
(Assented to 22 December 2005.)

ACT

To—

amend the Local Government: Municipal Structures Act, 1998 (Act No. 117 of 1998), so as to delete a provision in respect of cross-boundary municipalities;
repeal the Local Government: Cross-boundary Municipalities Act, 2000 (Act No. 29 of 2000);
repeal the Re-determination of the Boundaries of Cross-boundary Municipalities Act, 2000 (Act No. 69 of 2000);
repeal the Re-determination of the Boundaries of Cross-boundary Municipalities Act, 2005 (Act No. 6 of 2005);
provide for consequential matters as a result of the re-alignment of former cross-boundary municipalities and the re-determination of the geographical areas of provinces; and
provide for matters connected therewith.

PREAMBLE

SINCE the Constitution Twelfth Amendment Act of 2005 provides for the re-determination of the geographical areas of the provinces;

SINCE in terms of the Constitution Twelfth Amendment Act of 2005 cross-boundary municipalities are no longer possible;

SINCE an Act amending the Constitution may not include provisions other than constitution amendments and matters connected with the amendments;

SINCE it is necessary to provide for the repeal of all provisions dealing with cross-boundary municipalities; and

SINCE it is necessary to provide for consequential arrangements as a result of the re-alignment of former cross-boundary municipalities and the re-determination of the geographical areas of provinces,

NOW THEREFORE BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Definitions

1. In this Act, unless the context indicates otherwise—
"cross-boundary municipality" means a municipality envisaged in section 155(6A) of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, as it existed immediately before the commencement of the Constitution Twelfth Amendment Act of 2005; 5
"Municipal Demarcation Board" means the board established by section 2 of the Local Government: Municipal Demarcation Act, 1998 (Act No. 27 of 1998); 10
"MEC for local government" means the member of the Executive Council of a province responsible for local government in the province;

(Engelse teks deur die President geteken.)
(Goedgekeur op 22 Desember 2005.)

WET

Om —

die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998), te wysig ten einde 'n bepaling wat verband hou met oorgrensmunisipaliteite te skrap;
die Wet op Plaaslike Regering: Oorgrensmunisipaliteite, 2000 (Wet No. 29 van 2000), te herroep;
die Wet op die Herbepaling van Grense van Oorgrensmunisipaliteite, 2000 (Wet No. 69 van 2000), te herroep;
die Wet op die Herbepaling van Grense van Oorgrensmunisipaliteite, 2005 (Wet No. 6 van 2005), te herroep;
voorsiening te maak vir gevolglike reëlings uit hoofde van die herskikking van voormalige oorgrensmunisipaliteite en die herbepaling van die geografiese gebiede van provinsies; en
voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

AANHEF

NADEMAAL die "Constitution Twelfth Amendment Act of 2005" voorsiening maak vir die herbepaling van die geografiese gebiede van die provinsies;

NADEMAAL oorgrensmunisipaliteite ingevolge die "Constitution Twelfth Amendment Act of 2005" nie meer moontlik is nie;

NADEMAAL 'n Wet wat die Grondwet wysig nie bepalings anders as grondwetlike wysigings en bepalings wat daarmee verband hou, mag bevat nie;

NADEMAAL dit nodig is om voorsiening te maak vir die herroeping van alle bepalings wat met oorgrensmunisipaliteite handel; en

NADEMAAL dit nodig is om voorsiening te maak vir gevolglike reëlings as gevolg van die herskikking van voormalige oorgrensmunisipaliteite en die herbepaling van die geografiese gebiede van provinsies,

WORD DAAR DERHALWE BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Woordomskrywing

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

5 **"artikel 12-kennisgewing"** 'n kennisgewing waarvoor in artikel 12 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998), voorsiening gemaak word;

"LUR vir plaaslike regering" die lid van die Uitvoerende Raad van 'n provinsie verantwoordelik vir plaaslike regering in die provinsie;

10 **"Munisipale Afbakeningsraad"** die raad ingestel by artikel 2 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Afbakening, 1998 (Wet No. 27 van 1998);

"oorgrensmunisipaliteit" 'n munisipaliteit beoog in artikel 155(6A) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, soos dit onmiddellik voor die

"section 12 notice" means a notice provided for in section 12 of the Local Government: Municipal Structures Act, 1998 (Act No. 117 of 1998).

Consequential arrangements

2. (1) Despite any applicable provisions of the Local Government: Municipal Demarcation Act, 1998 (Act No. 27 of 1998), and the Local Government: Municipal Structures Act, 1998 (Act No. 117 of 1998), the demarcation by the Municipal Demarcation Board as indicated in the second column of Schedule 2 of a municipality indicated in the first column of Schedule 2 is regarded as a demarcation in terms of the Local Government: Municipal Demarcation Act, 1998, of a municipality—

(a) with the designation indicated in the third column of Schedule 2; and

(b) within the province indicated in the fourth column of Schedule 2.

(2) *(a)* Despite any applicable provisions of the Local Government: Municipal Structures Act, 1998, a section 12 notice referred to in the first column of Schedule 3 in respect of a municipality referred to in the second column of Schedule 3 is regarded as the section 12 notice—

(i) of a newly established municipality with the designation indicated in the third column of Schedule 3; and

(ii) issued by the MEC for local government of the province indicated in the fourth column of Schedule 3.

(b) Despite any applicable provisions of the Local Government: Municipal Structures Act, 1998, any municipality referred to in paragraph *(a)*(i) is regarded to be the successor in law of the municipality as designated in the second column of Schedule 3.

(3) Despite the applicable provisions of the Local Government: Municipal Structures Act, 1998, the Local Government: Municipal Electoral Act, 2000 (Act No. 27 of 2000), and the Electoral Commission Act, 1996 (Act No. 51 of 1996), an MEC for local government, the Municipal Demarcation Board and the Electoral Commission may take any steps in respect of a municipality referred to in the second column of Schedule 3 to prepare for a general election of all municipal councils in respect of any newly established municipality envisaged by subsection (2).

(4) *(a)* Despite any applicable provisions of the Local Government: Municipal Demarcation Act, 1998 (Act No. 27 of 1998), and the Local Government: Municipal Structures Act, 1998 (Act No. 117 of 1998), the proposed demarcation by the Municipal Demarcation Board of a municipality as indicated in the first column of Schedule 4 is regarded as a demarcation in terms of the Local Government: Municipal Demarcation Act, 1998, of a municipality—

(i) with the designation indicated in the second column of Schedule 4; and

(ii) in the province indicated in the third column of Schedule 4.

(b) Despite any applicable provisions of the Local Government: Municipal Structures Act, 1998, the proposed section 12 notice referred to in the first column of Schedule 5 in respect of a proposed municipality referred to in the second column of Schedule 5 is regarded as the section 12 notice—

(i) of a newly established municipality with the designation indicated in the second column of Schedule 5; and

(ii) issued by the MEC for local government of the province indicated in the third column of Schedule 5.

(c) Despite any applicable provisions of the Local Government: Municipal Structures Act, 1998, any municipality referred to in paragraph *(b)*(i) is regarded to be the successor in law of the municipality referred to in the fourth column of Schedule 5.

(d) Despite the applicable provisions of the Local Government: Municipal Structures Act, 1998, the Local Government: Municipal Electoral Act, 2000 (Act No. 27 of 2000), and the Electoral Commission Act, 1996 (Act No. 51 of 1996), an MEC for local government, the Municipal Demarcation Board and the Electoral Commission may take any steps in respect of a municipality referred to in the second column of Schedule 5 to prepare for a general election of all municipal councils in respect of any newly established municipality envisaged by this subsection.

inwerkingtreding van die "Constitution Twelfth Amendment Act of 2005", bestaan het.

Gevolglike reëlings

2. (1) Ondanks enige toepaslike bepalings van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Afbakening, 1998 (Wet No. 27 van 1998), en die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998), word die afbakening deur die Munisipale Afbakeningsraad soos in die tweede kolom van Bylae 2 aangedui van 'n munisipaliteit aangedui in die eerste kolom van Bylae 2 geag 'n afbakening ingevolge die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Afbakening, 1998, te wees van 'n munisipaliteit—

(a) met die aanduiding aangedui in die derde kolom van Bylae 2; en

(b) in die provinsie wat in die vierde kolom van Bylae 2 aangedui word.

(2) *(a)* Ondanks enige toepaslike bepalings van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998, word 'n artikel 12-kennisgewing bedoel in die eerste kolom van Bylae 3 ten opsigte van 'n munisipaliteit bedoel in die tweede kolom van Bylae 3 geag die artikel 12-kennisgewing te wees—

(i) van 'n nuut ingestelde munisipaliteit met die aanduiding aangedui in die derde kolom van Bylae 3; en

(ii) wat uitgereik is deur die LUR vir plaaslike regering van die provinsie aangedui in die vierde kolom van Bylae 3.

(b) Ondanks enige toepaslike bepalings van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998, word 'n munisipaliteit bedoel in paragraaf *(a)*(i) geag die regsopvolger te wees van die munisipaliteit soos in die tweede kolom van Bylae 3 aangedui.

(3) Ondanks die toepaslike bepalings van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998, die "Local Government: Municipal Electoral Act, 2000" (Wet No. 27 van 2000), en die Wet op die Verkiesingskommissie, 1996 (Wet No. 51 van 1996), kan 'n LUR vir plaaslike regering, die Munisipale Afbakeningsraad en die Verkiesingskommissie enige stappe doen ten opsigte van 'n munisipaliteit bedoel in die tweede kolom van Bylae 3 om voor te berei vir 'n algemene verkiesing van alle munisipale rade ten opsigte van enige nuut ingestelde munisipaliteit beoog in subartikel (2).

(4) *(a)* Ondanks enige toepaslike bepalings van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Afbakening, 1998 (Wet No. 27 van 1998), en die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998), word die voorgestelde afbakening deur die Munisipale Afbakeningsraad van 'n munisipaliteit soos aangedui in die eerste kolom van Bylae 4 geag 'n afbakening te wees ingevolge die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Afbakening, 1998, van 'n munisipaliteit—

(i) met die aanduiding aangedui in die tweede kolom van Bylae 4; en

(ii) in die provinsie aangedui in die derde kolom van Bylae 4.

(b) Ondanks enige toepaslike bepalings van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998, word die voorgestelde artikel 12-kennisgewing bedoel in die eerste kolom van Bylae 5 ten opsigte van 'n voorgestelde munisipaliteit bedoel in die tweede kolom van Bylae 5 geag die artikel 12-kennisgewing te wees—

(i) van 'n nuut ingestelde munisipaliteit met die aanduiding aangedui in die tweede kolom van Bylae 5; en

(ii) wat uitgereik is deur die LUR vir plaaslike regering van die provinsie wat in die derde kolom van Bylae 5 aangedui word.

(c) Ondanks enige toepaslike bepalings van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998, word 'n munisipaliteit bedoel in paragraaf *(b)*(i) geag die regsopvolger te wees van die munisipaliteit bedoel in die vierde kolom van Bylae 5.

(d) Ondanks die toepaslike bepalings van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998, die "Local Government: Municipal Electoral Act, 2000" (Wet No. 27 van 2000), en die Wet op die Verkiesingskommissie, 1996 (Wet No. 51 van 1996), kan 'n LUR vir plaaslike regering, die Munisipale Afbakeningsraad en die Verkiesingskommissie enige stappe doen ten opsigte van 'n munisipaliteit bedoel in die tweede kolom van Bylae 5 om voor te berei vir 'n algemene verkiesing van alle munisipale rade ten opsigte van enige nuut ingestelde munisipaliteit beoog in hierdie subartikel.

Repeal of laws

3. The laws specified in Schedule 1 are repealed to the extent set out in the third column of Schedule 1.

Savings

4. (1) Where a particular area will in future as a result of this Act be relocated in a province (the receiving province) other than the province (releasing province) in which it was located before the commencement of this Act—

(a) any licence, permit or authorisation issued;

(b) any appointment made to any office; or

(c) any right, privilege, obligation or liability acquired, accrued or incurred,

in terms of a law applicable in the releasing province will continue to have the force of law until revoked, withdrawn or replaced in terms of a law applicable in the receiving province.

(2) An MEC for local government may, by way of an amendment to an applicable section 12 notice, regulate any legal, practical or other consequences of the relocation of an area referred to in subsection (1) in so far as such regulation is necessary to ensure the proper functioning of a municipality in whose area of jurisdiction such relocated area falls.

Transitional arrangements regarding the transfer of provincial functions, assets and liabilities

5. (1) Where a particular area is relocated from one province (the releasing province) to another province (the receiving province) at the commencement of sections 2 to 4 of the Constitution Twelfth Amendment Act of 2005—

(a) any function exercised or service delivered by the provincial government of the releasing province in the area in question must, subject to subsections (2) and (3), be exercised or delivered by the provincial government of the receiving province; and

(b) any asset, right, obligation, duty or liability associated or connected with the exercise of such function or the delivery of such service vests in the provincial government of the receiving province.

(2) The provincial government of the releasing province and the provincial government of the receiving province may before the commencement of sections 2 to 4 of the Constitution Twelfth Amendment Act of 2005 enter into an implementation protocol in terms of section 35 of the Intergovernmental Relations Framework Act, 2005 (Act No. 13 of 2005), in order to provide for—

(a) the provincial government of the releasing province to continue exercising a function or delivering a service on an agency basis in the area in question; or

(b) the transfer of staff in accordance with applicable labour law from the provincial government of the releasing province to the provincial government of the receiving province.

(3) *(a)* If an agreement on the content of an implementation protocol envisaged in subsection (2) cannot be reached before the commencement of sections 2 to 4 of the Constitution Twelfth Amendment Act of 2005, the matter must be referred to the National Council of Provinces.

(b) The National Council of Provinces is mandated to assist the provincial governments concerned in any manner necessary in order to reach agreement within two months after the commencement of sections 2 to 4 of the Constitution Twelfth Amendment Act of 2005.

(c) If no agreement is reached within the period referred to in paragraph *(b)*, subsection (1) applies without any exception.

(d) Where a matter has been referred to the National Council of Provinces as provided for in paragraph *(a)*, the provincial government of the releasing province must continue to exercise any relevant function and deliver any relevant service in the area in question during the two month period referred to in paragraph *(b)*.

Herroeping van wette

3. Die wette vermeld in Bylae 1 word herroep in die mate uiteengesit in die derde kolom van Bylae 1.

Voorbehoude

4. (1) Waar 'n bepaalde gebied in die toekoms as gevolg van hierdie Wet hervestig gaan word in 'n provinsie (die ontvangende provinsie) anders as die provinsie (die oordragingsprovinsie) waarin dit geleë was voor die inwerkingtreding van hierdie Wet—

(a) gaan enige lisensie, permit of magtiging wat uitgereik is;

(b) gaan enige aanstelling in enige amp wat gemaak is; of

(c) gaan enige reg, privilegie, verpligting of aanspreeklikheid wat verkry is, ontstaan het of opgedoen is,

ingevolge enige wet wat van toepassing is in die oordragingsprovinsie, voort om van krag te wees totdat dit herroep, ingetrek of vervang word ingevolge 'n wet wat in die ontvangende provinsie van toepassing is.

(2) 'n LUR vir plaaslike regering kan, by wyse van 'n wysiging aan 'n toepaslike artikel 12-kennisgewing, enige wetlike, praktiese of ander gevolge van die hervestiging van 'n gebied bedoel in subartikel (1) reël vir sover sodanige regulering noodsaaklik is om die behoorlike funksionering te verseker van 'n munisipaliteit in wie se regsgebied sodanige hervestigde gebied val.

Oorgangsreëlings betreffende die oordrag van provinsiale funksies, bates en laste

5. (1) Waar 'n bepaalde gebied hervestig word vanaf een provinsie (die oordragingsprovinsie) na 'n ander provinsie (die ontvangende provinsie) by die inwerkingtreding van artikels 2 tot 4 van die "Constitution Twelfth Amendment Act of 2005"—

(a) word enige funksie verrig of diens gelewer deur die provinsiale regering van die oordragingsprovinsie in die betrokke gebied, behoudens subartikels (2) en (3), verrig of gelewer deur die provinsiale regering van die ontvangende provinsie; en

(b) vestig enige bate, reg, verpligting, plig of las verbonde aan, of verbind met, die verrigting van sodanige funksie of die lewering van sodanige diens in die provinsiale regering van die ontvangende provinsie.

(2) Die provinsiale regering van die oordragingsprovinsie en die provinsiale regering van die ontvangende provinsie mag voor die inwerkingtreding van artikels 2 tot 4 van die "Constitution Twelfth Amendment Act of 2005" 'n implementeringsprotokol ingevolge artikel 35 van die "Intergovernmental Relations Framework Act, 2005" (Wet No. 13 van 2005), aangaan ten einde voorsiening te maak—

(a) dat die provinsiale regering van die oordragingsprovinsie voortgaan om op 'n agentskapsbasis 'n funksie te verrig of 'n diens te lewer in die betrokke gebied; of

(b) vir die oorplasing van personeel ooreenkomstig toepaslike arbeidswetgewing vanaf die provinsiale regering van die oordragingsprovinsie na die provinsiale regering van die ontvangende provinsie.

(3) *(a)* Indien daar nie ooreenkoms bereik kan word oor die inhoud van 'n implementeringprotokol beoog in subartikel (2) voor die inwerkingtreding van artikels 2 tot 4 van die "Constitution Twelfth Amendment Act of 2005" nie, moet die aangeleentheid na die Nasionale Raad van Provinsies verwys word.

(b) Die Nasionale Raad van Provinsies word gemandateer om die betrokke provinsiale regerings by te staan op enige nodige wyse ten einde ooreenkoms te bereik binne twee maande na die inwerkingtreding van artikels 2 tot 4 van die "Constitution Twelfth Amendment Act of 2005".

(c) Indien geen ooreenkoms binne die tydperk bedoel in paragraaf *(b)* bereik word nie, is subartikel (1) sonder enige uitsondering van toepassing.

(d) Waar 'n aangeleentheid na die Raad van Provinsies verwys is soos daarvoor in paragraaf *(a)* voorsiening gemaak word, moet die provinsiale regering van die oordragingsprovinsie voortgaan om enige toepaslike funksie te verrig of enige toepaslike diens te lewer in die betrokke gebied gedurende die twee maande tydperk bedoel in paragraaf *(b)*.

(4) Where an implementation protocol has been concluded as provided for in subsections (2) and (3), the President's Co-ordinating Council referred to in section 6 of the Intergovernmental Relations Framework Act, 2005, must co-ordinate the implementation of the protocol in question.

(5) *(a)* Where immovable property vests in the provincial government of a receiving province in terms of subsection (1), the registrar of deeds having jurisdiction must upon the production of a certificate signed by both the premier of the releasing province and the premier of the receiving province, make such entries or endorsements in or on any relevant register, title deed or other document to register such immovable property in the name of the provincial government of the receiving province.

(b) No duty, fee or other charge is payable in respect of a registration in terms of paragraph *(a)*.

Short title and commencement

6. (1) This Act is called the Cross-boundary Municipalities Laws Repeal and Related Matters Act, 2005.

(2) Sections 2(3) and (4)*(d)*, and 5 of this Act takes effect on the date of publication of the Act and all other provisions of this Act take effect on a date determined by the President by proclamation in the *Gazette*.

(4) Waar 'n implementeringsprotokol aangegaan is soos in subartikels (2) en (3) voorsiening gemaak word, moet die "President's Co-ordinating Council" bedoel in artikel 6 van die "Intergovernmental Relations Framework Act, 2005", die implementering van die betrokke protokol koördineer.

5 (5) *(a)* Waar onroerende eiendom in die provinsiale regering van 'n ontvangende provinsie ingevolge subartikel (1) vestig, moet die registrateur van aktes wat jurisdiksie het by die voorlegging van 'n sertifikaat wat deur beide die premier van die oordragingsprovinsie en die premier van die ontvangende provinsie onderteken is, sodanige aantekeninge of endossemente in of op 'n betrokke register, transportakte of 10 ander dokument aanbring ten einde sodanige onroerende eiendom in die naam van die provinsiale regering van die ontvangende provinsie te registreer.

(b) Geen belasting, gelde of ander vordering is ten opsigte van 'n registrasie ingevolge paragraaf *(a)* betaalbaar nie.

Kort titel en inwerkingtreding

15 **6.** (1) Hierdie Wet heet die Wet op die Herroeping van Wette Betreffende Oorgrensmunisipaliteite en Aanverwante Aangeleenthede, 2005.

(2) Artikels 2(3) en (4)*(d)*, en 5 van hierdie Wet tree in werking op die datum van publikasie van die Wet en al die ander bepalings van hierdie Wet tree in werking op 'n datum deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

SCHEDULE 1

Laws repealed (Section 3)

No. and year of law	Short title	Extent of repeal
Act No. 117 of 1998	Local Government: Municipal Structures Act, 1998	Section 90
Act No. 29 of 2000	Local Government: Cross-boundary Municipalities Act, 2000	The whole
Act No. 69 of 2000	Re-determination of the Boundaries of Cross-boundary Municipalities Act, 2000	The whole.
Act No. 6 of 2005	Re-determination of the Boundaries of Cross-boundary Municipalities Act, 2005	The whole

BYLAE 1

Wette herroep (Artikel 3)

No. en jaar van wet	Kort titel	Omvang van herroeping
Wet No. 117 van 1998	Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998	Artikel 90
Wet No. 29 van 2000	Wet op Plaaslike Regering: Oorgrensmunisipaliteite, 2000	Die geheel
Wet No. 69 van 2000	Wet op die Herbepaling van Grense van Oorgrensmunisipaliteite, 2000	Die geheel
Wet No. 6 van 2005	Wet op die Herbepaling van Grense van Oorgrensmunisipaliteite, 2005	Die geheel

SCHEDULE 2

Demarcation of newly established municipalities in a province

Designation of municipality	Demarcation notice and date	New designation of municipality (where applicable)	Province in respect of which demarcation is deemed
Metropolitan Municipality Ekurhuleni	Identified by Map No. 1 of the Schedule to Notice 1179 of 2005	**EKU** (Map No. 33 of the Schedule to Notice 1594 of 2005)	Gauteng
Metropolitan Municipality Tshwane	Identified by Map No. 2 of the Schedule to Notice 1179 of 2005	**TSH** (Map No. 32 of the Schedule to Notice 1594 of 2005)	Gauteng
CBDC3 known as Sekhukhune District Municipality	Identified by Map No. 10 of the Schedule to Notice 1179 of 2005	**DC47** (Map No. 15 of the Schedule to Notice 1594 of 2005)	Limpopo
CBLC3 known as Greater Marble Hall Local Municipality	Identified by Map No. 11 of the Schedule to Notice 1179 of 2005	**NP03a4** (Map No. 16 of the Schedule to Notice 1594 of 2005)	Limpopo
CBLC4 known as Greater Groblersdal Local Municipality	Identified by Map No. 12 of the Schedule to Notice 1179 of 2005	**NP03a5** (Map No. 17 of the Schedule to Notice 1594 of 2005)	Limpopo
CBLC5 known as Greater Tubatse Local Municipality	Identified by Map No. 13 of the Schedule to Notice 1179 of 2005	**NP03a6** (Map No. 18 of the Schedule to Notice 1594 of 2005)	Limpopo
DC9 known as Frances Baard District Municipality	Identified by Map No. 24 of the Schedule to Notice 1179 of 2005	**DC9** (Map No. 11 of the Schedule to Notice 1594 of 2005)	Northern Cape
CBLC7 known as Phokwane Local Municipality	Identified by Map No. 25 of the Schedule to Notice 1179 of 2005	**NC094** (Map No. 12 of the Schedule to Notice 1594 of 2005)	Northern Cape
CBDC1 known as Kgalagadi District Municipality	Identified by Map No. 3 of the Schedule to Notice 1179 of 2005	**DC45** (Map No. 6 of the Schedule to Notice 1594 of 2005)	Northern Cape
CBLC1 known as Ga-Segonyana Cross-boundary Local Municipality	Identified by Map No. 4 of the Schedule to Notice 1179 of 2005	**NC452** (Map No. 8 of the Schedule to Notice 1594 of 2005)	Northern Cape
NW1a1 known as Moshaweng Local Municipality	Identified by Map No. 5 of the Schedule to Notice 1179 of 2005	**NC451** (Map No. 7 of the Schedule to Notice 1594 of 2005)	Northern Cape

WET OP DIE HERROEPING VAN WETTE BETREFFENDE OORGRENSMUNISIPALITEITE EN AANVERWANTE AANGELEENTHEDE, 2005 **Wet No. 23, 2005**

BYLAE 2

Afbakening van nuut-ingestelde munisipaliteite in 'n provinsie

Aanduiding van munisipaliteit	**Afbakeningskennisgewing en datum**	**Nuwe aanduiding van munisipaliteit (waar toepaslik)**	**Provinsie ten opsigte waarvan afbakening geag word**
Metropolitaanse Munisipaliteit Ekurhuleni	Geïdentifiseer deur Kaart No. 1 van die Bylae by Kennisgewing 1179 van 2005	**EKU** (Kaart No. 33 van die Bylae by Kennisgewing 1594 van 2005)	Gauteng
Metropolitaanse Munisipaliteit Tshwane	Geïdentifiseer deur Kaart No. 2 van die Bylae by Kennisgewing 1179 van 2005	**TSH** (Kaart No. 32 van die Bylae by Kennisgewing 1594 van 2005)	Gauteng
CBDC3 bekend as Sekhukhune Distriksmunisipaliteit	Geïdentifiseer deur Kaart No. 10 van die Bylae by Kennisgewing 1179 van 2005	**DC47** (Kaart No. 15 van die Bylae by Kennisgewing 1594 van 2005)	Limpopo
CBLC3 bekend as Groter Marble Hall Plaaslike Munisipaliteit	Geïdentifiseer deur Kaart No. 11 van die Bylae by Kennisgewing 1179 van 2005	**NP03a4** (Kaart No. 16 van die Bylae by Kennisgewing 1594 van 2005)	Limpopo
CBLC4 bekend as Groter Groblersdal Plaaslike Munisipaliteit	Geïdentifiseer deur Kaart No. 12 van die Bylae by Kennisgewing 1179 van 2005	**NP03a5** (Kaart No. 17 van die Bylae by Kennisgewing 1594 van 2005)	Limpopo
CBLC5 bekend as Groter Tubatse Plaaslike Munisipaliteit	Geïdentifiseer deur Kaart No. 13 van die Bylae by Kennisgewing 1179 van 2005	**NP03a6** (Kaart No. 18 van die Bylae by Kennisgewing 1594 van 2005)	Limpopo
DC9 bekend as Frances Baard Distriksmunisipaliteit	Geïdentifiseer deur Kaart No. 24 van die Bylae by Kennisgewing 1179 van 2005	**DC9** (Kaart No. 11 van die Bylae by Kennisgewing 1594 van 2005)	Noord-Kaap
CBLC7 bekend as Phokwane Plaaslike Munisipaliteit	Geïdentifiseer deur Kaart No. 25 van die Bylae by Kennisgewing 1179 van 2005	**NC094** (Kaart No. 12 van die Bylae by Kennisgewing 1594 van 2005)	Noord-Kaap
CBDC1 bekend as Kgalagadi Distriksmunisipaliteit	Geïdentifiseer deur Kaart No. 3 van die Bylae by Kennisgewing 1179 van 2005	**DC45** (Kaart No. 6 van die Bylae by Kennisgewing 1594 van 2005)	Noord-Kaap
CBLC1 bekend as Ga-Segonyana Plaaslike Oorgrensmunisipaliteit	Geïdentifiseer deur Kaart No. 4 van die Bylae by Kennisgewing 1179 van 2005	**NC452** (Kaart No. 8 van die Bylae by Kennisgewing 1594 van 2005)	Noord-Kaap
NW1a1 bekend as Moshaweng Plaaslike Munisipaliteit	Geïdentifiseer deur Kaart No. 5 van die Bylae by Kennisgewing 1179 van 2005	**NC451** (Kaart No. 7 van die Bylae by Kennisgewing 1594 van 2005)	Noord-Kaap

SCHEDULE 3

Deemed establishment of new municipalities in a province

Section 12 notice	**Designation of municipality**	**New designation of municipality (where applicable)**	**Province in which new municipality is deemed to be established**
Notice 3585 of 2005 (Gauteng)	**Metropolitan Municipality Ekurhuleni**	**EKU** (Map No. 33 of the Schedule to Notice 1594 of 2005)	Gauteng
Notice 3584 of 2005 (Gauteng)	**Metropolitan Municipality Tshwane**	**TSH** (Map No. 32 of the Schedule to Notice 1594 of 2005)	Gauteng
Notice 4768 of 2005 (Gauteng)	**GT02b1** known as Nokeng tsa Taemane	**GT02b1**	Gauteng
Notice 4861 of 2005 (Gauteng)	**GT411** known as Mogale City Local Municipality	**GT481** (Map No. 30 of the Schedule to Notice 1594 of 2005)	Gauteng
Notice 4861 of 2005 (Gauteng)	**GT412** known as Randfontein Local Municipality	**GT482** (Map No. 31 of the Schedule to Notice 1594 of 2005)	Gauteng
Notice 4861 of 2005 (Gauteng)	**GT414** known as Westonaria Local Municipality	**GT483** (Schedule 1 to Notice 1998 of 2005, read with map No. 23 of the Schedule to Notice 1179 of 2005)	Gauteng
Notice 302 of 2000 (Northern Province)	**CBDC3** known as Sekhukhune District Municipality	**DC47** (Map No. 15 of the Schedule to Notice 1594 of 2005)	Limpopo
Notice 302 of 2000 (Northern Province)	**CBLC3** known as Greater Marble Hall Local Municipality	**NP03a4** (Map No. 16 of the Schedule to Notice 1594 of 2005)	Limpopo
Notice 302 of 2000 (Northern Province)	**CBLC4** known as Greater Groblersdal Local Municipality	**NP03a5** (Map No. 17 of the Schedule to Notice 1594 of 2005)	Limpopo
Notice 302 of 2000 (Northern Province)	**CBLC5** known as Tubatse Local Municipality	**NP03a6** (Map No. 18 of the Schedule to Notice 1594 of 2005)	Limpopo
Notice 130 of 2000 (Northern Cape), read with Notice 31 of 2000 (Northern Cape)	**DC9** known as Frances Baard District Municipality	**DC9** (Map No. 11 of the Schedule to Notice 1594 of 2005)	Northern Cape
Notice 130 of 2000 (Northern Cape), read with Notice 31 of 2000 (Northern Cape)	**CBLC7** known as Phokwane Local Municipality	**NC094** (Map No. 12 of the Schedule to Notice 1594 of 2005)	Northern Cape
Notice 131 of 2000 (Northern Cape), read with Notice 32 of 2000 (Northern Cape)	**CBDC1** known as Kgalagadi District Municipality	**DC45** (Map No. 6 of the Schedule to Notice 1594 of 2005)	Northern Cape
Notice 131 of 2000 (Northern Cape), read with Notice 32 of 2000 (Northern Cape)	**CBLC1** known as Ga-Segonyana Cross-boundary Local Municipality	**NC452** (Map No. 8 of the Schedule to Notice 1594 of 2005)	Northern Cape

BYLAE 3

Geagte instelling van nuwe munisipaliteite in 'n provinsie

Artikel 12-kennisgewing	**Aanduiding van munisipaliteit**	**Nuwe aanduiding van munisipaliteit (waar toepaslik)**	**Provinsie waarin nuwe munisipaliteit geag word ingestel te wees**
Kennisgewing 3585 van 2005 (Gauteng)	**Metropolitaanse Munisipaliteit Ekurhuleni**	**EKU** (Kaart No. 33 van die Bylae by Kennisgewing 1594 van 2005)	Gauteng
Kennisgewing 3584 van 2005 (Gauteng)	**Metropolitaanse Munisipaliteit Tshwane**	**TSH** (Kaart No. 32 van die Bylae by Kennisgewing 1594 van 2005)	Gauteng
Kennisgewing 4768 van 2005 (Gauteng)	**GT02b1** bekend as Nokeng tsa Taemane	**GT02b1**	Gauteng
Kennisgewing 4861 van 2005 (Gauteng)	**GT411** bekend as Mogale Stad Plaaslike Munisipaliteit	**GT481** (Kaart No. 30 van die Bylae by Kennisgewing 1594 van 2005)	Gauteng
Kennisgewing 4861 van 2005 (Gauteng)	**GT412** bekend as Randfontein Plaaslike Munisipaliteit	**GT482** (Kaart No. 31 van die Bylae by Kennisgewing 1594 van 2005)	Gauteng
Kennisgewing 4861 van 2005 (Gauteng)	**GT414** bekend as Westonaria Plaaslike Munisipaliteit	**GT483** (Bylae 1 by Kennisgewing 1998 van 2005, gelees met kaart No. 23 van die Bylae by Kennisgewing 1179 van 2005)	Gauteng
Kennisgewing 302 van 2000 (Noordelike Provinsie)	**CBDC3** bekend as Sekhukhune Distriksmunisipaliteit	**DC47** (Kaart No. 15 van die Bylae by Kennisgewing 1594 van 2005)	Limpopo
Kennisgewing 302 van 2000 (Noordelike Provinsie)	**CBLC3** bekend as Groter Marble Hall Plaaslike Munisipaliteit	**NP03a4** (Kaart No. 16 van die Bylae by Kennisgewing 1594 van 2005)	Limpopo
Kennisgewing 302 van 2000 (Noordelike Provinsie)	**CBLC4** bekend as Groter Groblersdal Plaaslike Munisipaliteit	**NP03a5** (Kaart No. 17 van die Bylae by Kennisgewing 1594 van 2005)	Limpopo
Kennisgewing 302 van 2000 (Noordelike Provinsie)	**CBLC5** bekend as Tubatse Plaaslike Munisipaliteit	**NP03a6** (Kaart No. 18 van die Bylae by Kennisgewing 1594 van 2005)	Limpopo
Kennisgewing 130 van 2000 (Noord-Kaap), gelees met Kennisgewing 31 van 2000 (Noord-Kaap)	**DC9** bekend as Frances Baard Distriksmunisipaliteit	**DC9** (Kaart No. 11 van die Bylae by Kennisgewing 1594 van 2005)	Noord-Kaap
Kennisgewing 130 van 2000 (Noord-Kaap), gelees met Kennisgewing 31 van 2000 (Noord-Kaap)	**CBLC7** bekend as Phokwane Plaaslike Munisipaliteit	**NC094** (Kaart No. 12 van die Bylae by Kennisgewing 1594 van 2005)	Noord-Kaap
Kennisgewing 131 van 2000 (Noord-Kaap), gelees met Kennisgewing 32 van 2000 (Noord-Kaap)	**CBDC1** bekend as Kgalagadi Distriks-munisipaliteit	**DC45** (Kaart No. 6 van die Bylae by Kennisgewing 1594 van 2005)	Noord-Kaap
Kennisgewing 131 van 2000 (Noord-Kaap), gelees met Kennisgewing 32 van 2000 (Noord-Kaap)	**CBLC1** bekend as Ga-Segonyana Plaaslike Oorgrens-munisipaliteit	**NC452** (Kaart No. 8 van die Bylae by Kennisgewing 1594 van 2005)	Noord-Kaap

SCHEDULE 4

Demarcation of newly established municipalities in a province

Proposed demarcation of a municipality (Municipal Demarcation Board notice and date)	Proposed designation of municipality	Province in respect of which demarcation is deemed
Identified by Map No. 8 of the Schedule to Notice 1257 of 2005	**KZ5a6** known as Umzimkulu Local Municipality	KwaZulu-Natal
Identified by Map No. 7 of the Schedule to Notice 1257 of 2005	**DC43** known as Sisonke District Municipality	KwaZulu-Natal
Identified by Map No. 11 of the Schedule to Notice 1257 of 2005, read with correction Notice 1496 of 2005	**DC44** known as Alfred Nzo District Municipality	Eastern Cape
Identified by Map No. 10 of the Schedule to Notice 1257 of 2005, read with correction Notice 1496 of 2005	**EC05b2** known as Umzimvubu Local Municipality	Eastern Cape
Identified by Map No. 9 of the Schedule to Notice 1257 of 2005, read with correction Notice 1496 of 2005	**EC05b3** known as Matatiele Local Municipality	Eastern Cape
Identified by Map No. 6 of the Schedule to Notice 1257 of 2005	**MP325** known as Bushbuckridge Local Municipality	Mpumalanga
Identified by Map No. 5 of the Schedule to Notice 1257 of 2005	**DC32** known as Ehlanzeni District Municipality	Mpumalanga
Identified by Map No. 4 of the Schedule to Notice 1257 of 2005	**NP335** known as Maruleng Local Municipality	Limpopo
Identified by Map No. 3 of the Schedule to Notice 1257 of 2005	**DC33** known as Mopani District Municipality	Limpopo
Identified by Map No. 14 of the Schedule to Notice 1257 of 2005	**NW405** known as Merafong City Local Municipality	North West
Identified by Map No. 13 of the Schedule to Notice 1257 of 2005	**DC40** known as Southern District Municipality	North West
Identified by Map No. 12 of the Schedule to Notice 1257 of 2005	**DC48** known as West Rand District Municipality	Gauteng
Identified by Map No. 1 of the Schedule to Notice 1257 of 2005	**DC46** known as Metsweding District Municipality	Gauteng
Identified by Map No. 2 of the Schedule to Notice 1257 of 2005	**GT02b2** known as Kungwini Local Municipality	Gauteng

BYLAE 4

Afbakening van nuut ingestelde munisipaliteite in 'n provinsie

Voorgestelde afbakening van 'n munisipaliteit (Munisipale Afbakeningsraad-kennisgewing en datum)	**Voorgestelde aanduiding van munisipaliteit**	**Provinsie ten opsigte waarvan afbakening geag word**
Geïdentifiseer deur Kaart No. 8 van die Bylae by Kennisgewing 1257 van 2005	**KZ5a6** bekend as Umzimkulu Plaaslike Munisipaliteit	KwaZulu-Natal
Geïdentifiseer deur Kaart No. 7 van die Bylae by Kennisgewing 1257 van 2005	**DC43** bekend as Sisonke Distriksmunisipaliteit	KwaZulu-Natal
Geïdentifiseer deur Kaart No. 11 van die Bylae by Kennisgewing 1257 van 2005, gelees met regstellende Kennisgewing 1496 van 2005	**DC44** bekend as Alfred Nzo Distriksmunisipaliteit	Oos-Kaap
Geïdentifiseer deur Kaart No. 10 van die Bylae by Kennisgewing 1257 van 2005, gelees met regstellende Kennisgewing 1496 van 2005	**EC05b2** bekend as Umzimvubu Plaaslike Munisipaliteit	Oos-Kaap
Geïdentifiseer deur Kaart No. 9 van die Bylae by Kennisgewing 1257 van 2005, gelees met regstellende Kennisgewing 1496 van 2005	**EC05b3** bekend as Matatiele Plaaslike Munisipaliteit	Oos-Kaap
Geïdentifiseer deur Kaart No. 6 van die Bylae by Kennisgewing 1257 van 2005	**MP325** bekend as Bosbokrand Plaaslike Munisipaliteit	Mpumalanga
Geïdentifiseer deur Kaart No. 5 van die Bylae by Kennisgewing 1257 van 2005	**DC32** bekend as Ehlanzeni Distriksmunisipaliteit	Mpumalanga
Geïdentifiseer deur Kaart No. 4 van die Bylae by Kennisgewing 1257 van 2005	**NP335** bekend as Maruleng Plaaslike Munisipaliteit	Limpopo
Geïdentifiseer deur Kaart No. 3 van die Bylae by Kennisgewing 1257 van 2005	**DC33** bekend as Mopani Distriksmunisipaliteit	Limpopo
Geïdentifiseer deur Kaart No. 14 van die Bylae by Kennisgewing 1257 van 2005	**NW405** bekend as Merafong Stad Plaaslike Munisipaliteit	Noordwes
Geïdentifiseer deur Kaart No. 13 van die Bylae by Kennisgewing 1257 van 2005	**DC40** bekend as Suidelike Distriksmunisipaliteit	Noordwes
Geïdentifiseer deur Kaart No. 12 van die Bylae by Kennisgewing 1257 van 2005	**DC48** bekend as Wesrand Distriksmunisipaliteit	Gauteng
Geïdentifiseer deur Kaart No. 1 van die Bylae by Kennisgewing 1257 van 2005	**DC46** bekend as Metsweding Distriksmunisipaliteit	Gauteng
Geïdentifiseer deur Kaart No. 2 van die Bylae by Kennisgewing 1257 van 2005	**GT02b2** bekend as Kungwini Plaaslike Munisipaliteit	Gauteng

SCHEDULE 5

Deemed establishment of new municipalities in a province

Proposed section 12 notice	Proposed designation of municipality	Province in which new municipality is deemed to be established	Designation of former municipality
Notice 1756 of 2005 (KwaZulu-Natal), read with Notice 3253 of 2005 (KwaZulu-Natal)	**KZ5a6** known as Umzimkulu Local Municipality (Map No. 8 of the Schedule to Notice 1257 of 2005)	KwaZulu-Natal	**EC05b1**
Notice 1756 of 2005 (KwaZulu-Natal), read with Notice 344 of 2000 (KwaZulu-Natal) and Notice 3253 of 2005 (KwaZulu-Natal)	**DC43** known as Sisonke District Municipality (Map No. 7 of the Schedule to Notice 1257 of 2005)	KwaZulu-Natal	**DC43**
Notice 354 of 2005 (Eastern Cape)	**DC44** known as Alfred Nzo District Municipality (Map No. 11 of the Schedule to Notice 1257 of 2005, read with correction Notice 1496 of 2005)	Eastern Cape	**DC44**
Notice 354 of 2005 (Eastern Cape)	**EC05b2** known as Umzimvubu Local Municipality (Map No. 10 of the Schedule to Notice 1257 of 2005, read with correction Notice 1496 of 2005)	Eastern Cape	**EC05b2**
Notice 354 of 2005 (Eastern Cape)	**EC05b3** known as Matatiele Local Municipality (Map No. 9 of the Schedule to Notice 1257 of 2005, read with correction Notice 1496 of 2005)	Eastern Cape	**KZ5a3**
Notice 1286 of 2005 (Mpumalanga), read with Notice 301 of 2000 (Mpumalanga)	**MP325** known as Bushbuckridge Local Municipality (Map No. 6 of the Schedule to Notice 1257 of 2005)	Mpumalanga	**CBLC6**
Notice 1286 of 2005 (Mpumalanga), read with Notice 301 of 2000 (Mpumalanga)	**DC32** known as Ehlanzeni District Municipality (Map No. 5 of the Schedule to Notice 1257 of 2005)	Mpumalanga	**DC32**
Notice 348 of 2005 (Limpopo), read with Notice 409 of 2005 (Limpopo)	**NP335** known as Maruleng Local Municipality (Map No. 4 of the Schedule to Notice 1257 of 2005)	Limpopo	**NP04a1**
Notice 348 of 2005 (Limpopo), read with Notice 409 of 2005 (Limpopo)	**DC33** known as Mopani District Municipality (Map No. 3 of the Schedule to Notice 1257 of 2005)	Limpopo	**DC33**
Notice 651 of 2005 (North West)	**NW405** known as Merafong City Local Municipality (Map No. 14 of the Schedule to Notice 1257 of 2005)	North West	**CBLC8**
Notice 650 of 2005 (North West)	**DC40** known as Southern District Municipality (Map No. 13 of the Schedule to Notice 1257 of 2005)	North West	**DC40**
Notice 4861 of 2005 (Gauteng)	**DC48** known as West Rand District Municipality (Map No. 12 of the Schedule to Notice 1257 of 2005)	Gauteng	**CBDC8**

WET OP DIE HERROEPING VAN WETTE BETREFFENDE OORGRENSMUNISIPALITEITE EN AANVERWANTE AANGELEENTHEDE, 2005 **Wet No. 23, 2005**

BYLAE 5

Geagte instelling van nuwe munisipaliteite in 'n provinsie

Voorgestelde artikel 12-kennisgewing	Voorgestelde aanduiding van munisipaliteit	Provinsie waarin nuwe munisipaliteit geag word ingestel te wees	Aanduiding van voormalige munisipaliteit
Kennisgewing 1756 van 2005 (KwaZulu-Natal), gelees met Kennisgewing 3253 van 2005 (KwaZulu-Natal)	**KZ5a6** bekend as Umzimkulu Plaaslike Munisipaliteit (Kaart No. 8 van die Bylae by Kennisgewing 1257 van 2005)	KwaZulu-Natal	**EC05b1**
Kennisgewing 1756 van 2005 (KwaZulu-Natal), gelees met Kennisgewing 344 van 2000 (KwaZulu-Natal) en Kennisgewing 3253 van 2005 (KwaZulu-Natal)	**DC43** bekend as Sisonke Distriksmunisipaliteit (Kaart No. 7 van die Bylae by Kennisgewing 1257 van 2005)	KwaZulu-Natal	**DC43**
Kennisgewing 354 van 2005 (Oos-Kaap)	**DC44** bekend as Alfred Nzo Distriksmunisipaliteit (Kaart No. 11 van die Bylae by Kennisgewing 1257 van 2005, gelees met regstellende Kennisgewing 1496 van 2005)	Oos-Kaap	**DC44**
Kennisgewing 354 van 2005 (Oos-Kaap)	**EC05b2** bekend as Umzimvubu Plaaslike Munisipaliteit (Kaart No. 10 van die Bylae by Kennisgewing 1257 van 2005, gelees met regstellende Kennisgewing 1496 van 2005)	Oos-Kaap	**EC05b2**
Kennisgewing 354 van 2005 (Oos-Kaap)	**EC05b3** bekend as Matatiele Plaaslike Munisipaliteit (Kaart No. 9 van die Bylae by Kennisgewing 1257 van 2005, gelees met regstellende Kennisgewing 1496 van 2005)	Oos-Kaap	**KZ5a3**
Kennisgewing 1286 van 2005 (Mpumalanga), gelees met Kennisgewing 301 van 2000 (Mpumalanga)	**MP325** bekend as Bosbokrand Plaaslike Munisipaliteit (Kaart No. 6 van die Bylae by Kennisgewing 1257 van 2005)	Mpumalanga	**CBLC6**
Kennisgewing 1286 van 2005 (Mpumalanga), gelees met Kennisgewing 301 van 2000 (Mpumalanga)	**DC32** bekend as Ehlanzeni Distriksmunisipaliteit (Kaart No. 5 van die Bylae by Kennisgewing 1257 van 2005)	Mpumalanga	**DC32**
Kennisgewing 348 van 2005 (Limpopo), gelees met Kennisgewing 409 van 2005 (Limpopo)	**NP335** bekend as Maruleng Plaaslike Munisipaliteit (Kaart No. 4 van die Bylae by Kennisgewing 1257 van 2005)	Limpopo	**NP04a1**
Kennisgewing 348 van 2005 (Limpopo), gelees met Kennisgewing 409 van 2005 (Limpopo)	**DC33** bekend as Mopani Distriksmunisipaliteit (Kaart No. 3 van die Bylae by Kennisgewing 1257 van 2005)	Limpopo	**DC33**
Kennisgewing 651 van 2005 (Noordwes)	**NW405** bekend as Merafong Stad Plaaslike Munisipaliteit (Kaart No. 14 van die Bylae by Kennisgewing 1257 van 2005)	Noordwes	**CBLC8**
Kennisgewing 650 van 2005 (Noordwes)	**DC40** bekend as Suidelike Distriksmunisipaliteit (Kaart No. 13 van die Bylae by Kennisgewing 1257 van 2005)	Noordwes	**DC40**
Kennisgewing 4861 van 2005 (Gauteng)	**DC48** bekend as Wesrand Distriksmunisipaliteit (Kaart No. 12 van die Bylae by Kennisgewing 1257 van 2005)	Gauteng	**CBDC8**

Proposed section 12 notice	**Proposed designation of municipality**	**Province in which new municipality is deemed to be established**	**Designation of former municipality**
Notice 4768 of 2005 (Gauteng)	**DC46** known as Metsweding District Municipality (Map No. 1 of the Schedule to Notice 1257 of 2005)	Gauteng	**CBDC2**
Notice 4768 of 2005 (Gauteng)	**GT02b2** known as Kungwini Local Municipality (Map No. 2 of the Schedule to Notice 1257 of 2005)	Gauteng	**CBLC2**
Notice 89 of 2005 (Northern Cape), read with Notice 32 of 2000 (Northern Cape)	**NC451** known as Moshaweng Local Municipality (Map No. 7 of the Schedule to Notice 1594 of 2005)	Northern Cape	**NW1a1**

WET OP DIE HERROEPING VAN WETTE BETREFFENDE OORGRENSMUNISIPALITEITE EN AANVERWANTE AANGELEENTHEDE, 2005 **Wet No. 23, 2005**

Voorgestelde artikel 12-kennisgewing	**Voorgestelde aanduiding van munisipaliteit**	**Provinsie waarin nuwe munisipaliteit geag word ingestel te wees**	**Aanduiding van voormalige munisipaliteit**
Kennisgewing 4768 van 2005 (Gauteng)	**DC46** bekend as Metsweding Distriksmunisipaliteit (Kaart No. 1 van die Bylae by Kennisgewing 1257 van 2005)	Gauteng	**CBDC2**
Kennisgewing 4768 van 2005 (Gauteng)	**GT02b2** bekend as Kungwini Plaaslike Munisipaliteit (Kaart No. 2 van die Bylae by Kennisgewing 1257 van 2005)	Gauteng	**CBLC2**
Kennisgewing 89 van 2005 (Noord-Kaap), gelees met Kennisgewing 32 van 2000 (Noord-Kaap)	**NC451** bekend as Moshaweng Plaaslike Munisipaliteit (Kaart No. 7 van die Bylae by Kennisgewing 1594 van 2005)	Noord-Kaap	**NW1a1**